KERKBODE: STILHOUPLEK

DIE EINSTEIN-ERFENIS

Albert Einstein het die grootste deel van sy lewe in Princeton gewoon en gewerk. Hy was professor aan die Princeton Universiteit en sy bekende Relatiwiteitsteorie het hy daar ontwikkel. Die vreemde is dat mens egter nie 'n museum of monument of enige gedenkteken in Princeton raakloop wat ter ere van die groot geleerde opgerig is nie. Die enigste is 'n hoekie agter in een van die winkels in Nassaustraat, waar 'n winkeleienaar, mnr. Landau, sommer self inisiatief geneem het en 'n private museum vir Einstein ingerig het.

Skynbaar was Einstein self gekant teen enige soort van verering. Hy wou nie die kalklig op homself hê nie. Die afwesigheid van 'n monument of museum in Princeton is dus eintlik juis die wyse waarop hy vereer word. Die huis waar hy al die jare gewoon het in Mercerstraat, is steeds 'n gewone private woonhuis. Buite op die hekkie het die eienaar 'n bordjie wat sê: "Private Residence", want daar kom glo gedurig mense wat net eenvoudig instap, omdat hulle dit as vanselfsprekend aanvaar dat die huis van die grote Einstein 'n museum moet wees.

In die winkel van mnr. Landau is daar 'n verhaal uit 'n ou koerant wat waarskynlik baie vertel van die soort mens wat Einstein was. Daarvolgens was dit sy gebruik om te gaan stap langs die Carnegie-meer, digby Princeton. Daar het hy natuurlik ook ander stappers teengekom. Onder andere het sy pad gereëld met dié van 'n sekere vrou gekruis. Sy het hom gegroet met 'n vriendelike "Hello", waarop hy dan teruggegroet het. Hulle het nooit gesels nie, net vriendelik gegroet en verbygestap. Eendag hy sy hom gegroet met: "Hello dr Einstein", en van daardie dag af het hy haar nooit weer gegroet nie. Hy wou skynbaar nie uitgesonder word as iemand besonders nie. Hy wou net 'n gewone stapper wees in die park.

Daarteenoor, word die verhaal vertel van die vergadering van dosente aan die Princeton Universiteit, na Einstein se dood. Die president van die Universiteit het die personeel saamgeroep om aan hulle die treurige nuus oor te dra. Hulle het dit met stilte aangehoor en toe was daar 'n stem van iewers uit die saal wat gevra het: "En wie gaan dr. Einstein se kantoor kry?" Want Einstein het 'n baie deftiger en beter toegeruste kantoor as die res van die dosente gehad. Dit was Princeton se manier om aan hom erkenning te gee en om hom in hulle diens te behou. Die ander dosente was natuurlik jaloers daarop. Almal

het met gulsige oë na sy kantoor sit en kyk en gewedywer oor wie dit sal kry. Amper soos die dissipels se vraag aan Jesus oor wie die belangrikste plek in sy koninkryk gaan inneem.

Die afwesigheid van monumente vir Einstein in Princeton vertel 'n kragtige verhaal. Dit kommunikeer iets van die wens van die persoon self, maar ook iets van die respek van 'n hele gemeenskap vir hom. Daar is inderdaad baie maniere om iemand se nalatenskap te bewaar. Die feit is dat, met of sonder 'n monument, die wetenskap nooit weer op presies dieselfde manier beoefen kon word ná Einstein nie. Sy geniale werk is sy monument.

Ware grootheid is nie selfgerig nie. Iemand wat werklik 'n reuse bydrae tot die samelewing maak, probeer nooit om self in die middelpunt te wees nie. Die geskiedenis het dit oor en oor bewys.